basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**DRAMATIESE KUNSTE**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 34 bladsye en 3 bylaes.**

## ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is op elk van die 6 kognitiewe kennisvlakke te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se hersiene Blooms se Taksonomie.
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 kompleksiteitsdenkprosesse
2. Die nasienriglynbesprekingsforum voordat nasien begin, kan nie genoegsaam alle antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en oop wees vir kandidate se antwoorde. Maak seker dat verskillende onderrigstyle nie die leerder/kandidaat benadeel nie.
3. Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne te evalueer, die vereiste antwoorde te standaardiseer en om algemene definisies en begrippe te vind. Assimileer die:
   - Verwagte antwoorde op elke vraag
   - Die kognitiewe moeilikheidsvlak vereis van die kandidaat
   - Die tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
   - Aksiewerkwoorde gebruik by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
   - Verwys na die bylaes aan die einde van die nasienriglyne
4. As die nasienriglyn nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie.
5. Maak 'n duidelike merkie langs die betrokke aspekte ten opsigte van kognitiewe vlak/kompleksiteitsdenkproses/konsep/inhoud/vaardighede/kennis wanneer 'n punt toegeken word. Nasieners moet aktief by die antwoord betrokke wees.
   - Verwys na die bylaes aan die einde van die nasienriglyne
6. Daar moet gedurende die nasienproses etlike konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
7. Waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde geskryf het, moet hy/sy nie gepenaliseer word nie (bv. opstelvraag).
8. Sien globaal na, waar moontlik. Nasieners aanvaar enige korrekte, relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
9. Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe.

## STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

### Nasien van Opstel- en Antwoordvrae

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verstaan:

1. **Inhoudsmoeilikheidsgraad:**
   Hoe kompleks is die ontwerp van die vraag? Word die inhoud op die korrekte vlak geassesseer?
2. **Taakmoeilikheidsgraad:**
   Wat is die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
3. **Stimulusmoeilikheidsgraad:**
   Hoe moeilik of maklik is dit om die bron te verstaan en toe te pas?
4. **Moeilikheidsgraad van die antwoord wat verwag word:**
   Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik toegeken en geweeg?

Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg. Dit sal help met die standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen. Dit sal ook nasionale nasienprosedures, -prosesse en -uitslae standaardiseer.

*Inleiding tot die Taak*

- Nasieners lees die taak wat van die item vereis word en som dit op.
- Nasieners lees die item en beplan 'n antwoord op die taak.
- Nasieners deel antwoordplanne en som verwagtings vir kandidaatantwoorde op/ deel nie net die hoeveelheid (aantal) bewyse nie, maar ook die gehalte van bewyse (hoe goed).

*Inleiding tot die Rubriek en Ankervraestelle*

- Opleier hersien rubriek met verwysing na die taak.
- Opleier hersien prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die taal van die rubriek te pas en deur alle eienskappe ewe veel te laat weeg).
- Opleier lei die hersiening van elke ankervraestel en kommentaar. (**LET WEL:** Ankervraestelle word in volgorde van hoog na laag in elke puntvlak geplaas.)

*Oefen Individuele Puntetoekenning*

- Nasieners ken individueel punte aan 'n pak oefenvraestelle toe. Nasieners moet die vraestelle onafhanklik nasien.
- Opleier teken punte aan en lei bespreking. (Oefenvraestelle moet puntetelling en kommentaar bevat.)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## AFDELING A: 20th CENTURY THEATRE MOVEMENTS

## VRAAG 1

Die volgende dien as 'n riglyn:

**Die kandidaat moet:**

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Gebruik voorbeelde vanuit die toneelteks wat hy/sy bestudeer het om die argument te bewys
- Na een van drie Teaterbewegings: Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater verwys
- Na die bron in sy/haar antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron in sy/haar opstel ontleed, verstaan en geïntegreer is

**Die inhoud van die opstel moet die volgende dek:**

- Voorbeelde van vrae wat in die toneelteks deur die dramaturg oor die relevante sosiopolitieke konteks, lewe en menslikheid geopper word.
- Gekose temas, karakters of taal uit die toneelteks wat die bespreking ondersteun
- Die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat die kandidaat bestudeer het (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater)
- Die vraag
- Die bron

**Nasiener se aantekeninge:**

- Die kandidaat moet toon dat die bogenoemde verstaan, krities ontleed en in die opstel toegepas is
- Kennis wat gememoriseer is, moet in 'n oorspronklike argument gekontekstualiseer word wat feitlike, kontekstuele, prosedure- en metakognitiewe denke toon
- Die rubriek op die volgende bladsy is 'n riglyn vir die nasiener om die volgende te assesseer:
- Kennisdimensievlakke (onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep)
- Kompleksiteit van denke deur kandidaat getoon (feitelik, konseptueel, prosedureel metakognitief)
- Consider all instructions when marking the essay
- Use the rubric's criteria, level descriptors, cognitive levels and thinking processes to award a mark

**Markers must apply both the six levels of cognition and the four levels of thinking to measure a candidate's performance and award a mark.**

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT TOON DIE VOLGENDE: |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **27–30**<br>**90–100**<br>**A+** | **Denkproses:** Pas feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud toe.<br>• Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n nuwe, kreatiewe en oorspronklike wyse.<br>• Evalueer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n omvattende reeks insiggewend gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Ontwerp en skep 'n argument volgens 'n nuwe en unieke patroon wat refleksiewe kreatiewe, kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te skep, te herorganiseer, te ontdek, te verander en te verbeter. |
| **Uitstekend**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Evalueer** | **24–26**<br>**80–89**<br>**A** | **Denkproses:** Ondersoek feitlike, konseptuele, prosedure- en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n gedifferensieerde, vertolkende en interessante wyse.<br>• Beoordeel/Assesseer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n betekenisvolle reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon saam wat reflektiewe, kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te beoordeel, kritiek te lewer, aan te beveel en voor te stel. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Ontleed** | **21–23**<br>**70–79**<br>**B** | **Denkproses:** Ontleed, onderskei en ondersoek feitlike, konseptuele en prosedurekennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n gedifferensieerde en vertolkende wyse.<br>• Ontleed/Dissekteer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Stel 'n argument saam wat kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om gevolgtrekkings te maak, begrippe te dekonstrueer, met mekaar in verband te bring, toe te skryf, te ontdek. |
| **Wesenlik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Toepas** | **18–20**<br>**60–69**<br>**C** | **Denkproses:** Ontleed en onderskei feitlike, konseptuele en prosedurekennis in die vraag, bron en inhoud. Integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n georganiseerde, gedifferensieerde en verklarende wyse.<br>• Integreer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Verskaf 'n argument wat kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon 'n vermoë om toe te pas, saam te stel en te integreer. |
| **Voldoende**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Begrip** | **15–17**<br>**50–59**<br>**D** | **Denkproses:** Verduidelik, interpreteer en herformuleer feitlike en konseptuele kennis van die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n konvensionele wyse.<br>• Interpreteer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud, voorspelbaar.<br>• Verskaf 'n argument wat analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te interpreteer, met mekaar in verband te bring, toe te lig, te klassifiseer, op te som, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Begrip** | **12–14**<br>**40–49**<br>**E** | **Denkproses:** Verduidelik en interpreteer feitlike en konseptuele kennis van die vraag, bron en inhoud. Integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n gedifferensieerde wyse.<br>• Verduidelik voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n voorspelbare reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Skryf 'n verduideliking in voorspelbare/algemene denkprosesse.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te interpreteer, met mekaar in verband te bring, toe te lig, klassifiseer, op te som, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **10–11**<br>**30–39**<br>**F** | **Denkproses:** Definieer en pas kennis uit geheue toe. Integreer die vereistes van die **vraag** en **bron** op 'n ongekompliseerde/reguit/fundamentele vlak op 'n algemene wyse.<br>• Kies voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n beperkte reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Skryf 'n verduideliking met voorspelbare denkprosesse.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon elementêre vermoë om probleem op te los, te identifiseer, te noem, in verband te bring, te definieer. |
| **Nie Behaal Nie**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–9**<br>**20–29**<br>**G** | **Denkproses:** Onthou en pas kennis uit geheue toe. Probeer om **vraag** en **bron** te integreer, maar toon beperkte tot basiese vermoë om die vereistes van die vraag en aanhaling op te los.<br>• Kies voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n beperkte, voorspelbare reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon beperkte vermoë om te identifiseer, te noem, in verband te bring en te definieer. |
| **Nie Behaal Nie**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **0**<br>**H** | **Denkproses:** Toon geen begrip van die **vraag** of **bron** nie, kan nie opstel skryf nie, gee geen voorbeelde uit die toneelteks van die teaterbeweging. OF<br>• Bied feite aan wat nie verband met vraag het nie. OF<br>• Nie in staat om te identifiseer, te noem, in verband te bring, te definieer nie.<br>**Kognitiewe vlak:** Bied gememoriseerde inligting en inhoud aan wat nie die vraag antwoord nie. |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* – PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

2.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die konteks kan die volgende wees:**

- Apartheid Suid- Afrika , armoede, ongelyke magsverhoudinge tussen wit base en swart werkers (2)

2.2 Percy speel die karakter van Baas Kom in die toneel. Aanvaar 'hy is die baas' (1)

2.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis van die sosio-politiese konteks van die teks weergee en verduidelik.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings
- Verwysings na reëls 5 en 7 spesifiek

Die volgende is 'n riglyn:
**Onregverdighede in Percy se woorde en houding mag die volgende insluit:**

- Minagtende behandeling van Mbongeni
- Vernedering van Mbongeni deur hom 'n seun eerder as 'n man te noem
- Behandel hom soos 'n kind deur kommentaar op sy parmantigheid te lewer
- Dreig om sy salaris te verminder
- Beheer Mbongeni asof hy aan hom behoort (4)

2.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet begrip toon van en 'n beskrywing kan gee van die sosio-ekonomiese omstandighede, soos beskryf in BRON B.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Sosio-ekonomiese probleme kan die volgende insluit:**

- Armoede
- Slegte werksomstandighede
- Werkloosheid
- Onregverdige behandeling deur werkgewers
- Swak salarisse (4)

2.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n analise gee asook motivering vir hulle blokkering van die karakters van Percy en Mbongeni.

**Blokkering van die karakters kan die volgende plasing van die karakter weergee:**

- Die karakters se verhouding tot mekaar
- Die magsverhouding en magsverskil tussen die twee karakters
- Die dramatiese spanning wat tussen die twee karakters bestaan (3)

2.6 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet insig toon ten opsigte van Morena se belangrikheid in die toneelstuk.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes of stellings

**Morena is belangrik ten opsigte van die temas en die boodskappe van die toneelstuk want hy stel die volgende voor:**

- Redder wat die mense sal inspireer tot 'n beter lewe
- Hoop vir die toekoms
- Mobiliseer tot aksie
- Vryheid en demokrasie
- Opstand teen die regering
- Opvoeding en onderrig vir almal
- Geloof in God (6)

2.7.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis en begrip toon van BRON B en die werkswinkel proses kan bespreek en aandui hoe dit 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' op die verhoog kan skep.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die werkswinkelproses bestaan uit die volgende:**
**'n Kollektiewe idee:**

- Ngema en Mtwa dink en praat oor wat sal gebeur as Morena terugkom na 'n apartheid Suid-Afrika

**Navorsing en observasie:**

- Daar is onderhoude gevoer met inwoners van Soweto bv. by Dube stasie, by die informele mark, 'n barbier wat op die straathoek werk. Die skeppers is ook beïnvloed deur Grotowski se armteater.

**Improvisasie:**

- Hulle het begin om met verskeie idees te eksperimenteer asook verskillende maniere van opvoer

**Seleksie**

- Die groep kies sekere dele vir opvoering en laat ander weg.

**Redigering/Afronding:**

- Repetisie en verfyning van optrede

**Optrede en Opteken:**

- Die finale idees word nou opgevoer as 'n toneelstuk en die teks word geskryf.

Hierdie dinamiese 'lewende wêreld wat asemhaal' word geskep deur die kollektiewe energie, vaardighede en die talente van elke akteur en elkeen wat betrokke is by die proses van werkswinkelteater. Elke individu dra innoverende en kreatiewe idees by deur middel van improvisasie. Die akteurs werk met mekaar se energie, interpretasies en optrede. Hierdie samewerking word oorgedra op die verhoog en die opvoering is die verfyning en afronding van die werkswinkelproses self. Die proses van teater skep is die bron van die produksie, eerder as die finale opskryf van die teks. Daar is geen 'woorde op papier' voordat die opskryfproses, wat na die optrede plaasvind, gefinaliseer en opgevoer is nie. (8)

2.7.2 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG A om jou merkproses te vergemaklik.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet verduidelik hoe hulle die toneel wat hulle gekies het sal regisseer sodat dit 'n ' lewende wêreld wat asemhaal' sal word deur die stel, klankeffekte en karakterisering te bespreek. Punte moet holisties toegeken word as ń kandidaat in diepte twee van die drie elemente bespreek. Hulle moet verwys na die stelling wat in die vraag gegee is. Hulle moet die vraag benader vanuit 'n regisseur se oogpunt

Die stel, klankeffekte en karakterisering sal verskil ten opsigte van elke kandidaat se toneelkeuse. Hieronder is voorbeelde van verskillende tonele.

Die volgende is 'n riglyn:
**Stel:**
- Die gehoor moet die stel en rekwisiete ervaar sodat hulle die harde werklikheid van die omstandighede, waaronder elke karakter leef, kan sien
- Die stel en verhoog is kaal sodat die armoede in die lewens van swart mense tydens apartheid in Suid-Afrika weerspieël word
- Die temas van diskriminasie, onregverdigheid en ongelykheid is deel van die stelontwerp bv. die twee houtkiste/teekiste wys op die armoede van die mense in elke toneel
- Elke karakter word gedefinieer deur die plek wat deur die stel gesuggereer word bv.: die twee kiste word gebruik om 'n trein met passasiers of die barbier se winkel met die barbier en sy kliënt voor te stel

**Klankeffekte:** Die twee karakters gebruik ideofone om die klanke soos in elke toneel vereis word te skep bv.: Die klank van 'n:
- Jazzorkes om die atmosfeer en toon te skep
- Bewegende trein
- Sirenes wat aankondig dat werkers moet teruggaan werk toe
- Helikopter wat vlieg en land
- Steenmaker-masjien

**Karakterisering in tonele verskil:**
- Karakters se aksies en dialoog word gerig/bepaal deur die emosies wat hulle ervaar, bv. aspirasies, vrese, begeertes, agtergronde
- Toneel een: Percy is 'n polisieman in 'n gesagsposisie, hy wys sy 'baasskap' en aggressie en hy is neerhalend en veeleisend
- Toneel een: Mbongeni is 'n musikant sonder sy pasboek. Hy wys sy onderdanigheid en vrees (12)

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* – THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

**Die konteks kan wees:**
- Gedwonge verskuiwings en die afbreek/vernietiging van die plek Sophiatown
- Die idee van lewe in 'n vry woongebied
- Die Groepsgebiedewet (2)

3.2 Mingus (1)

3.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis hê en 'n kort verduideliking kan gee van die lewe van 'gangsters' in Sophiatown.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings
- Kandidate moet verwys na reëls of woorde in die bron

Die volgende is 'n riglyn:
**Mingus se aksie, woorde en houding weerspieël:**
- Aggressie
- Arrogansie
- Flambojantheid
- Sekerheid
- Vrolike, lewendige bewegings en gebare
- Die behoefte om dinge op sy manier te doen, hy vat nie 'nee' vir 'n antwoord nie. Hy hou daarvan om in beheer te wees
- Hy is lief vir vroue maar het nie die kennis om hulle met respek te behandel nie
- Hy besteel mense van die dorp
- Hy hou daarvan om mooi aan te trek volgens die nuutste modes
- Hy spog graag met homself
- Hy gee voor dat hy 'n filmster is (4)

3.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis en begrip toon en 'n beskrywing gee van die sosio-ekonomiese omstandighede soos in BRON C uitgewys.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes /idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Sosio-ekonomiese omstandighede kan die volgende insluit:**
- Armoede van die mense van Sophiatown
- Oorbevolkte erwe omdat die grondeienaars soveel geld van die huurders as moontlik wou hê
- Misdaad was erg omdat daar 'gangsters' was wat vir areas baklei het
- 'n Lewendige leefstyl wat geskep is deur musikante, digters, joernaliste wat bymekaar gekom het
- Die onwettige verkope van alkohol (4)

3.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n analise en motivering van Mingus se bewegings (blokkering) gee en die effektiwiteit daarvan verduidelik.

Ken volpunte toe vir:
- Drie aparte stellings

**Blokkering van die karakter kan die volgende plasing van die karakters weer te gee:**
- Die verhouding tussen hom en sy 'boys', die dames en here in die Ritz, en sy gehoor wat na hom luister
- Die magsverhoudinge en magsverskille tussen hom en bogenoemde karakters
- Die dramatiese spanning wat tussen hom en die karakters weerspieël word (3)

3.6 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die vermoë toon om die impak van die karakter se rol op die atmosfeer, energie en aksies in BRON C te verduidelik

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die atmosfeer en energie word deur Mingus beïnvloed want hy:**
- Is 'n 'gangster' en as die leier van die Americans tree hy outoritêr op teenoor ander mense wat hulle ïntimideerd en bang kan laat voel
- Hy word as 'n krimineel gesien wat intimiderend is en ander mense mag bang vir hom wees
- Veroorsaak drama en spanning deur die gebruik van aggressie, intimidasie en manipulasie
- Het 'n oordrewe aksent en groot bewegings wat maak dat ander hom raak sien
- Laat ons lag al is sy optrede onwettig
- Manipuleer en dwing mense om te doen wat hy wil hê en dit kan daartoe lei dat mense wel aan hom onderdanig wil wees
- Vlei die dames wat daartoe lei dat hulle meer gemaklik in sy teenwoordigheid is
- Is minder 'sag' met die mans wat veroorsaak dat hulle meer aggressief is teenoor hom
- Raak kwaad as hy nie sy sin kry nie wat tot aggressie in homself en onderdanigheid by die ander kan lei
- Onvoorspelbaar in sy gedrag (6)

3.7.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis en begrip toon deur die werkswinkelproses as 'n teatervorm en opvoerstyl en die oorgang/skep na 'n opvoering te bespreek.

Ken volpunte toe vir:
- Vier goed gemotiveerde stellings
- Agt aparte gedagtes/idees

**Die werkswinkelproses bestaan uit die volgende:**
**ń Kollektiewe idee:**
- Die geselskap praat oor die idee van 'wat as 'n blanke vrou' in Sophiatown sou kom woon

**Navorsing en observasie:**
- Daar is onderhoude gevoer met inwoners van Sophiatown bv. Don Mattera, Vader Huddleston en Dr Xuma, ens. Hulle het ook na ou koerante en tydskrifte gekyk en biblioteke besoek

**Improvisasie:**
- Hulle het begin om met verskeie idees te eksperimenteer asook verskillende maniere van opvoering

**Seleksie**
- Die groep kies sekere dele vir opvoering en laat ander weg

**Redigering/Afronding:**
- Repetisie en verfyning van optrede

**Optrede en Opteken:**
- Die finale idees word nou opgevoer as 'n toneelstuk en die teks word geskryf

Hierdie dinamiese 'lewende wêreld wat asemhaal' word geskep deur die kollektiewe energie, vaardighede en die talente van elke akteur en elkeen wat betrokke is by die proses van werkswinkel-teater. Elke individu dra innoverende en kreatiewe idees by deur middel van improvisasie. Die akteurs werk met mekaar se energie, interpretasies en optrede. Hierdie samewerking word oorgedra op die verhoog en die opvoering is die verfyning en afronding van die werkswinkelproses self. Die proses van teater skep is die bron van die produksie, eerder as die finale opskryf van die teks. Daar is geen 'woorde op papier' voordat die opskryfproses, wat na die optrede plaasvind, gefinaliseer en opgevoer is nie. (8)

3.7.2 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG A om jou merkproses te vergemaklik.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet verduidelik hoe hulle die toneel wat hulle gekies het sal regisseer sodat dit 'n ' lewende wêreld wat asemhaal' sal word deur die stel, klankeffekte en karakterisering te bespreek. Punte moet holisties toegeken word as ń kandidaat in diepte twee van die drie elemente bespreek. Hulle moet verwys na die stelling wat in die vraag gegee is. Hulle moet die vraag benader vanuit 'n regisseur se oogpunt

Die stel, klankeffekte en karakterisering sal verskil ten opsigte van elke kandidaat se toneelkeuse. Hieronder is voorbeelde van van verskillende tonele.

Die volgende is 'n riglyn:

**Stel:**
- Die gehoor moet die stel en rekwisiete ervaar sodat hulle die harde werklikheid van die omstandighede waaronder elke karakter leef kan sien

- Die stel verbeeld die lewendige lewensstyl in Sophiatown want dit is veelrassig en kleurvol
- Die tema van die gedwonge verskuiwings word duidelik weerspieël in die slagspreuk 'We won't move' wat op plakkate en die agterdoek geskryf is
- Elke karakter word gedefinieer deur sy spesifieke plek op die stel en rekwisiete wat hy/sy gebruik bv. Jakes se hoek het 'n stoel, tafel en tikmasjien

**Klankeffekte:**
- Die slaan van die telefoonpale. Die geluid van die telefoonpale was bedoel om die inwoners van Sophiatown te waarsku as die 'G-men (polisie)' opgedaag het
- Die slaan van die pilare van die stoep het 'n vreeslike geluid gemaak
- Die klop van die polisie 'G-men' aan die deure van die inwoners van Sophiatown het 'n vreesaanjaende geluid gemaak wat die inwoners bang gemaak het
- Die geluid van die trokke met die 'G-men' wat in die oggend opgedaag het om die inwoners se eiendom op te laai en weg te vat het vrees by die karakters gelaat
- Klank van musiek en sang. Agtergrondmusiek kan gehoor word en die karakters sing in sommige van die tonele

**Karakterisering:**
- Karakters se aksies en dialoog word gerig/bepaal deur die emosies wat hulle ervaar, bv. aspirasies, vrese, begeertes, agtergronde
- Mingus is aggressief, bv. wanneer Ruth sy aanbod verwerp word hy kwaad en gryp haar hand. Hy is arrogant, bv. wanneer hy vir die dames vra om hulle nekke te wys en hy hulle vra om 'n kollekte te gee in die vorm van pêrels en halssnoere
- Lulu is rebels teenoor die opvoeding/onderrigsisteem, bv. sy wil nie teruggaan skool toe nie omdat sy voel dit is minderwaardig
- Ruth is rebels teenoor die apartheidsisteem en haar ouers maar is bang om in 'n romantiese verhouding met Jakes te wees
- Princess is onderdanig aan Mingus. Hy mishandel haar. Hy voorsien haar van lewensmiddele en glo dit gee hom die reg om haar te mishandel. Sy ontsnap uiteindelik in die najaag van haar drome om 'n model en onafhanklik te wees (12)

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* – PG DU PLESSIS**

4.1. Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die konteks kan wees:**

- Die harde lewensomstandighede van die mense in die suburbs, die armoede en waar hulle bly
- Die aspirasies van die mense om uit hierdie wêreld te ontsnap
- Die passiewe manier waarin hulle hierdie lewe aanvaar; die geweld, armoede en geen vooruitsig om te ontsnap nie (2)

4.2 Tiemie (1)

4.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde Kandidate moet kennis en begrip toon vir die lewe in die suburbs

Ken volpunte toe vir :

- Twee goed gemotiveerde stellings
- Kandidate moet verwys na die karakter se aksies, woorde en houding

Die volgende is 'n riglyn:
**Tiemie:**

- Aksies: Tiemie:
  - Beeld die gevangeskap van armoede in die suburbs uit deur teen haar ma te rebelleer
  - Wil van die lewe ontsnap omdat sy bang is om soos haar ma te lewe en haar ma te 'word,' arm en sonder enige ambisie
  - Verkies die geselskap van die 'Dandies' want hulle verteenwoordig die vryheid en hoë klas lewe waarna sy aspireer
  - Trek mooi aan om te wys dat sy nie deel van die suburbs is nie en dat sy gewild wil wees
- Woorde: Tiemie:
  - Verseker haar ma dat sy nie wil weggaan oor haar nie maar omdat sy 'n beter lewe wil hê
  - Uiter haar diepe behoefte om bekend te wees as iemand wat iets beteken
  - Verduidelik dat sy 'n man wil hê wat haar sal respekteer en haar met waardigheid sal hanteer
- Houding: Tiemie:
  - Probeer om in die hoër sosiale sirkels in te pas want sy hoop om deur hulle aanvaar te word
  - Verwerp mans wat gewelddadig is (4)

4.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis en begrip toon en 'n beskrywing gee van die sosio-ekonomiese omstandighede soos in BRON D uitgewys.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees
- Kandidate moet na die reëls en woorde in die bron verwys

**In die suburbs:**
- Mense was arm, bv. Daar was 'n groot mate van werkloosheid
- Hulle het in 'semi-detached' huise gebly; hulle was te arm om groot huise te kon koop
- Daar was 'n groot klasseverskil veral tussen ryk en arm mense
- Mense het alkohol misbruik om van hulle probleme te vergeet
- Probleme het gelei tot gewelddadige verhoudings bv. Tiemie en Jakes
- Vroue is gestereotipeer omdat daar net van hulle verwag is om kinders te kry
- Daar is bewys van sosiale diskriminasie, bv. die familie is nie welkom aan die anderkant van die spoorlyn nie (4)

4.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet 'n analise en motivering van Tiemie se bewegings (blokkering) gee.

Ken volpunte toe vir:
- Drie aparte stellings

**Blokkering van die karakter kan die volgende plasing van die karakters weer te gee:**
- Die verhouding en houding wat Tiemie teenoor haar ma het
- Die magsverhouding tussen Tiemie en haar ma
- Die dramatiese spanning wat tussen Tiemie en haar ma gewys word (3)

4.6 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die vermoë toon om die impak van die karakter se rol in die skep van dramatiese spanning te kan assesseer

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die karakter se rol in die skep van dramatiese spanning word gewys deur:**
- Tiemie se wens om van die suburbs te ontsnap. Dit skep spanning in haarself en tussen haar en haar ma.
- Tiemie verag mans wat alkohol misbruik en dan vroue mishandel
- Die gehoor ervaar en sien die arm en gewelddadige agtergrond en omstandighede van die karakters, dit veroorsaak dramatiese spanning, bv. Tiemie wil nie deel van die suburbs wees nie (6)

4.7.1 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis en begrip toon van BRON D en die werkswinkel proses kan bespreek en aandui hoe dit 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' op die verhoog te kan skep.

Die volgende is 'n riglyn:

**Die werkswinkelproses bestaan uit die volgende:**

- **'n Kollektiewe idee:**
  Die akteurs in die toneelstuk praat oor die idee van die lewe in die suburbs, mishandeling en armoede
- **Navorsing en observasie:**
  Daar is onderhoude gevoer met inwoners van die suburbs en hoe hulle voel en waaroor hulle droom
- **Improvisasie:**
  Hulle het begin om met verskeie idees te eksperimenteer asook verskillende maniere van opvoer
- **Seleksie**
  Die groep kies sekere dele vir opvoering en laat ander weg
- **Redigering/Afronding:**
  Repetisie en verfyning van optrede
- **Optrede en Opteken:**
  Die finale idees word nou opgevoer as 'n toneelstuk en die teks word geskryf

Hierdie dinamiese 'lewende wêreld wat asemhaal' word geskep deur die kollektiewe energie, vaardighede en die talente van elke akteur en elkeen wat betrokke is by die proses van werkswinkelteater. Elke individu dra innoverende en kreatiewe idees by deur middel van improvisasie. Die akteurs werk met mekaar se energie, interpretasies en optrede. Hierdie samewerking word oorgedra op die verhoog en die opvoering is die verfyning en afronding van die werkswinkelproses self. Die proses van teater skep is die bron van die produksie, eerder as die finale opskryf van die teks. Daar is geen 'woorde op papier' voordat die opskryfproses, wat na die optrede plaasvind, gefinaliseer en opgevoer is nie. (8)

4.7.2 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG A om jou merkproses te vergemaklik.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet verduidelik hoe hulle die toneel wat hulle gekies het sal regisseer sodat dit 'n ' lewende wêreld wat asemhaal' sal word deur die stel, klankeffekte en karakterisering te bespreek. Punte moet holisties toegeken word as ń kandidaat in diepte twee van die drie elemente bespreek. Hulle moet verwys na die stelling wat in die vraag gegee is. Hulle moet die vraag benader vanuit 'n regisseur se oogpunt

Die stel, klankeffekte en karakterisering sal verskil ten opsigte van elke kandidaat se toneelkeuse. Hieronder is voorbeelde van verskillende tonele.

Die volgende is 'n riglyn:

**Stel:**

- Die gehoor moet die stel en rekwisiete ervaar sodat hulle die harde werklikheid van die omstandighede waaronder elke karakter leef kan sien
- Armoedige agterplaas, 1948 Buick sonder wiele, rooi hidroliese domkrag 'n enjin wat van die dak af hang weerspieël die armoede op 'n oortuigende manier
- Radio, kanselkleed,'half jack' bottlel, 'empties' in 'n houer wys ook verder hoe die mense in die suburbs geleef het
- Enkelmotorhuis met ou houtdeure getuig ook van armoede en 'n armoedige omgewing
- Geverfde letters op die deur 'DO NOT PARK IN FRONT OF THIS GATE' wys op die anti-sosiale houding van die inwoners van die huis
- Wasgoedlyn met verskillende kledingstukke beeld die armoede uit en is 'n tipiese prentjie van die suburbs
- Ou hoenderhok wat nou 'n stoorplek vir steenkool is wys op die agteruitgang van eens lewendige hoenders na steenkool toe

**Klankeffekte:**

- Die motorfiets wat dreun en vetgee op die verhoog skep die aggressiewe omgewing van Jakes
- Die radio-uitsending van die perdewedren onthul dat die huishouding vasgevang is in 'n gewoonte van dobbel
- Die harde klanke van Tjokkie se gereedskap wys hoe hy dit as 'nontsnappingsmeganisme uit die lewe in die suburbs gebruik
- Die popliedjie 'Sugar-sugar' word gebruik om 'n spesifieke tydraamwerk aan te dui en dat Tiemie steeds fantaseer oor 'n beter lewe
- Geluide van 'n geveg dui op die geweld en ongelukkigheid tussen Jakes en Tiemie
- Die slottoneel het 'n dreigende sis-geluid wanneer die domkrag afkom en Tjokkie doodmaak. Dit beklemtoon hoe tragies sy dood is

**Karakterisering:**

- Karakters se aksies en dialoog word gerig/bepaal deur die emosies wat hulle ervaar, bv. aspirasies, verse, begeertes, agtergronde
- Emosies van Ma kom van haar intense liefde vir haar kinders. Sy is depressief wanneer sy dink dat hulle in haar voetspore kan volg.
- Sy probeer ook om Tjokkie teen Giel en Jakes te beskerm as sy hulle vra om hom alleen te los
- Instinktief probeer Ma haar kinders teen die suburbs beskerm maar besef dat sy dit nie kan regkry nie
- Ma se kostuum weerspieël haar moegheid en deurmekaar-wees. Sy dra ou klere, 'n japon en pantoffels. Sy probeer modern aantrek maar slaag nie daarin nie
- Aggressiwiteit van Jakes maak hom wreed, intimiderend en gewelddadig
- Tjokkie se aanvaarding van sy lot lei tot sy selfdood

(12)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* – JOHN KANI

5.1 1. Sipho
2. Thando
3. Mandisa

Nasieners aanvaar as kandidate Thando en Mandisa omruil (3))

5.2 Die volgende is 'n riglyn:

**Sipho Makhaya is:**

- Manlik 63 jaar oud
- Statig
- Streng
- Geleerd
- Tradisioneel
- Verbitterd
- Kwaad
- Streef na 'n beter lewe
- Seergemaak deur gebeure in die verlede
- Geheimsinnig, steek gebeure van die verlede weg

**Thando Makhaya is:**

- Werk vir die Waarheid en Versoenings Kommissie (WVK)
- 'n Onderwyser
- Respekteer familietradisies en strukture
- Geleerd
- Tradisioneel
- 'n Toegewyde en lieftallige dogter
- Verloof aan Mpho

**Mandisa Makhaya is:**

- 'n Modeontwerper uit Londen
- 'n Liberale denker
- Kosmopolitaans in haar uitkyk
- Uitgesproke
- Nie tradisioneel nie
- 'n Katalisator vir verandering in die toneelstuk
- Thando se suster (3)

5.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die lyftaal van die karakters lees en verduidelik wat hulle verhouding voorstel.

Ken volpunte toe vir:
Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn: die verhouding tussen:

- Sipho en Thando: Die karakters sit ver van mekaar en daar is spanning op hulle gesigte. Thando se houding is onderdanig en word met haar lyf gewys. Dit mag wees omdat Sipho haar vader is en sy hom moet gehoorsaam. Die lyftaal van beide die karakters beeld die dramatiese spanning tussen hulle uit

- Mandisa en Thando: Hulle sit naby mekaar op die bank. Thando is gefassineer deur Mandisa se avonture in Londen. Hulle het mekaar gevind en dit is duidelik deur hulle ontspanne verhouding tot mekaar. Mandisa sit op die armleuning van die bank en Thando sit onder haar. Dit kan daarop dui dat Mandisa 'n hoër status as karakter het. Dit sê dat Thando na haar opkyk omdat sy meer van die moderne wêreld weet
- Mandisa en Sipho: Hulle sit weerskante van die bank. Mandisa se lyftaal is ontspanne maar haar gesig wys spanning. Sipho praat nie met haar nie wat daarop dui dat hy nie met haar wil redekawel nie, maar met Thando. Die spanning is gebaseer op die feit dat Sipho nie Mandisa se moderne sieninge goedkeur nie of die feit dat sy broer verras is sonder sy toestemming. (3)

5.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate mag die karakter se rol in die skep van spanning analiseer ten opsigte van 'n karakter op die verhoog of 'n karakter wat nie op die verhoog verskyn nie.
Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n voorbeeld van een karakter:
**Sipho se rol in verhouding tot die karakter wat nie op die verhoog verskyn nie:**

- Sipho het 'n broer Themba wat oorlede is. Hy wag angstig vir die lyk om op te daag. Sipho verwag 'n kis met sy broer se oorskot daarin maar Mandisa vertel hom dat sy broer verras is en dat sy as by haar is in 'n vaas. Dit veroorsaak spanning tussen die Sipho en Mandisa
- Sipho het 'n geheim. Die geheim is dat hy sy vrou en broer in 'n verhouding uitgevang het. Sy weersin en woede het hom vervreem van sy broer en sy vrou. Dit veroorsaak ook spanning tussen hom en Thando want sy weet van die geheim maar het geen besonderhede nie
- Sipho drink by die shebeen nadat hy ingelig is dat hy nie die pos van hoof-bibliotekaris gekry het nie. Dit bring weer eens die verhouding met sy broer Themba na vore. Daar is broeder-twis tussen die twee broers. Themba het met Sipho gekompeteer en sy draadbus, sy baadjie, sy universiteitsfooie en sy vrou verloor. Die feit dat hy nie die pos gekry het nie bring weer sy afkeer van Themba na vore. (6)

5.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis van die genre van Realisme in die teater demonstreer en die effektiwiteit van die gebruik van 'n boksstel kan beskryf.

Ken volpunte toe vir:
Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Boksstel is effektief omdat:**

- Dit skep die illusie van die werklike lewe wat die basis vorm van realisme in die teater. Nothing but the Truth is in die kategorie geplaas.

- Hierdie illusie is duidelik in die plasing van die beligting. Dit is weggesteek agter die proceniumboog, weg van die gehoor, en realistiese landskappe soos bv. 'n sonsondergang, kan geskep word
- Hierdie illusie maak dit moontlik vir die gehoor om die karakters as regte mense te ervaar want hulle praat, tree op en trek aan soos gewone mense elke dag. (3)

5.6 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.
Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die relevansie van die stelling ' die stel vorm die omgewing vir die aksie' bespreek
Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
Die stel is gepas as 'n omgewing vir die aksie omdat:

- Oor die algemeen stel dit die werklike binnekant van die Makhaya huishouding voor: kombuis, woonkamer en slaapkamer
- Die plasing van die slaapkamer is agter die woonkamer. 'n Regte huis bestaan ook uit verskillende kamers
- Die bank en klein boekrak in die woonkamer weerspieël die nederige lewenstandaard van die Makhaya familie (6)

5.7 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet fokus op fisiese, vokale en emosionele ontwikkeling deur Stanislavski se sisteem-benadering te gebruik om 'n realistiese opvoering op die verhoog te kan skep. Merk holisties.
Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings

Die antwoord behoort die volgende in te sluit:
'n Geintegreerde verduideliking van die tegnieke en hulle toepassing om ń eerlike en opregte opvoering te gee

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Akteur moet bewus wees van die volgende:**

- Kennis van die toneelstuk en intrige, gegewe omstandighede en subteks
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelstellings
- 'n Kreatiewe proses waartydens die akteur die karakter voorberei vir die optrede wat die volgende aspekte van Stanlavski se sisteem mag insluit, bv:

**Fisiese aksies (Physical score of actions):**

- Aksies en reaksies moet realisties wees
- Fisiese aksies, gesigsuitdrukkings, gebare en beweging moet bydra in die skep van die toneel se lewe op die verhoog

**Gevoelsverandering (Beat work):**

- 'n Verandering in emosie en gedagte moet effektief en realisties uitgebeeld word
- Eenhede en doelstellings moet fisies en vokaal deur die akteur uitgebeeld word

**Vokale uitdrukking (Vocal expression):**

- Aangesien die toneelstuk realisties is, moet die akteur 'n illusie van ń werklike gesprek skep
- Die akteur moet gelei word deur die karakter se gedagtes en emosies wat deur vokale uitdrukking soos toon, tempo, ritme, volume ens. geskep word, te verstaan.

**Magiese as (Magic if):**

- Die akteur moet lewe asof hy/sy in die karakter se skoene staan en vokale en fisiese reaksies kan daarom van optrede tot optrede verskil maar moet altyd realisties wees
- 'Toneelspeel is om te glo'/'Acting is believing' Die akteur moet in die werklikheid op die verhoog en die ander karakters glo

**Sirkels van aandag (Circles of attention):**

- Die akteur se fokus is op wêreld van die toneelstuk en nie op die gehoor nie

**Emosionele herinnering (Emotional memory):**

- Die akteur delf in sy/haar eie herinneringe en emosies om in die emosionele realiteit van sy/haar karakter en ander karakters se optredes te leef
- Die emosionele herinnering wat die akteur gebruik moet nie vroeër as sewe jaar oud wees nie (6)

5.8 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Kandidate moet fokus op die evaluering van die sosio-politiese plasing, temas asook boodskappe van die toneelstuk en verwys na die stelling wat in die vraag gegee is.

Die volgende is 'n riglyn:

**Sosio-politiese agtergrond:**

- Die plasing van die stel is spesifiek. Dit is geleë/ speel af in Madalastraat 46 New Brighton
- Die stel verteenwoordig die vele mense wat in die 'townships' gewoon het maar ook enige persoon wat in enige huis woon
- Die datum is die jaar 2000 wat belangrik is want dit is die begin van 'n nuwe millennium en ook 'n nuwe begin vir die Makhaya familie dinamika
- Die sosio-politiese plasing is die nuwe Suid-Afrika maar die toneelstuk kyk ook terug na die verlede en apartheid se invloed op die karakters in die toneelstuk. Dit leer elkeen op enige plek die noodsaaklikheid van heelwording en vryheid op persoonlike en sosio-politiese vlak

**Temas en boodskappe:**

- Die tydraamwerk omsluit die WVK verhore en het universele belang in terme van die belangrikheid van die waarheid en versoening wat die hooftemas in die toneelstuk is
- Die toneelstuk weerspieël die menslike toestand en ons behoefte aan liefde, 'n beter lewe, waarheid, hernude en helende verhoudings
- Die temas en boodskappe is universeel en handel oor 'n moontlike beter lewe, nuwe hoop en vervulde drome (10)

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* – IAN BRUCE**

6.1 1. Johan
2. Thami
3. Smith (3)

6.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
Kandidate moet enige EEN karakter uit die toneelstuk identifiseer en kies.
Die volgende is 'n riglyn:

**Johan is:**
- 'n Man in sy dertigs
- 'n Eks-polisieman
- Kwaad vir sy ekonomiese omstandighede
- 'n Diamantduiker
- Hoop vir 'n beter lewe
- Finansieel desperaat
- Aggressief en dreigend

**Thami is:**
- 'n Xhosa man uit die Oos-Kaap
- Werk as die bestuurder by Garnet Lodge
- Hoop vir 'n beter lewe
- Oorweeg 'n diamantkonsessie
- Wil vir sy familie by die huis voorsiening maak
- Verantwoordelik in sy werk
- Oneerlik en jok vir sy vrou oor sy ekonomiese omstandighede en sake aangeleenthede

**Smith is:**
- 'n Afgetrede besigheidsman
- Opsoek na plesier in die lewe
- Hoop vir 'n beter lewe
- Geniet gholf
- Afgesny van sy familie wat geïmmigreer het
- Alleen in die wêreld
- Word gedreig deur Johan
- Stel nie belang in Johan se besigheidsvoorstel nie (3)

6.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die lyftaal van die karakters lees en verduidelik wat dit van hulle verhouding sê

Ken volpunte toe vir:
Drie goed gemotiveerde stellings:

Die volgende is 'n riglyn: Die verhouding tussen:
- Johan en Thami: Johan leun oor na Thami toe terwyl hulle wag vir Smith om na hulle voorstel te kyk. Dit mag voorstel dat hy en Thami dieselfde drome deel
- Thami en Smith: Thami se lyftaal is angstig en afwagtend. Hy is angstig om te verneem of Smith in hulle skema sal belê .
- Smith se lyftaal teenoor Johan en Thami is een van oorweging. Hy bestudeer hulle plan om 'n diamantkonsessie te begin. Sy handgebaar en gesigsuitdrukking getuig daarvan dat hy konsentreer op die geldigheid van die skema (3)

6.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die vermoë toon om die impak van die karakter se rol in die skep van dramatiese spanning wat veroorsaak word deur die karakter/s wat nie op die verhoog verskyn nie te kan assesseer

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Johan speel 'n rol in die ontwikkeling van die dramatiese spanning omdat:**
- Hy beplan dat Thami saam met hom 'n diamantkonsessie moet koop en hy manipuleer Smith om in die konsessie te belê. Nie een van die twee wil saam met Johan besigheid doen nie
- Hy plaas druk op hulle en intimideer hulle. Dit skep dramatiese spanning
- Hy sien Smith as 'n maklike teiken vir geld en hy dreig hom met 'n mes; dit skep dramatiese spanning
- Sy woede en aggressie teenoor Smith lei tot die klimaks wanneer hy hom met die mes dreig
- Hy steek sy verlede weg vir die ander en dit veroorsaak intrige en afwagting want Smith is onbewus van die feit dat hy 'n man doodgemaak het
- Sy manipulasie van Thami sit die aksie aan die gang om Smith van die ooreenkoms te probeer losmaak (6)

6.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis van die genre van Realisme in die teater demonstreer en die effektiwiteit van die gebruik van 'n boksstel kan beskryf.

Ken volpunte toe vir:
Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Boksstel is effektief omdat:**
- Dit skep die illusie van die werklike lewe, wat die basis vorm van realisme in die teater. Groundswell is in die kategorie geplaas.
- Hierdie illusie is duidelik in die plasing van die beligting. Dit is weggesteek agter die proceniumboog, weg van die gehoor, en realistiese landskappe soos bv. 'n sonsondergang, kan geskep word
- Hierdie illusie maak dit moontlik vir die gehoor om die karakters as regte mense te ervaar want hulle praat, tree op en trek aan soos gewone mense elke dag (3)

6.6 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.
Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die relevansie van die stelling ' die stel vorm die omgewing vir die aksie' bespreek
Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:

- Oor die algemeen stel dit die werklike binnekant van die gastehuis Garnet Lodge, wat geleë is aan die Weskus van Suid-Afrika, voor
- 'n Stelelement soos die etenstafel waarop die aandete bedien word beeld 'n werklike eetkamer met gaste wat eet uit.
- Die kennisgewingbord wat op die agterverhoog links hang kan 'n gastehuis voorstel (6)

6.7 Nasieners Kandidate moet fokus op fisiese, vokale en emosionele ontwikkeling deur Stanislavski se sisteem-benadering te gebruik om 'n realistiese opvoering op die verhoog te kan skep. Merk holisties.
Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings

Die antwoord behoort die volgende in te sluit:
'n Geintegreerde verduideliking van die tegnieke en hulle toepassing om ń eerlike en opregte opvoering te gee

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Akteur moet bewus wees van die volgende:**

- Kennis van die toneelstuk en intrige, gegewe omstandighede en subteks
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelstellings
- 'n Kreatiewe proses waartydens die akteur die karakter voorberei vir die optrede wat die volgende aspekte van Stanlavski se sisteem mag insluit, bv.:

**Fisiese aksies (Physical score of actions):**

- Aksies en reaksies moet realisties wees
- Fisiese aksies, gesigsuitdrukkings, gebare en beweging moet bydra in die skep van die toneel se lewe op die verhoog

**Gevoelsverandering (Beat work):**

- 'n Verandering in emosie en gedagte moet effektief en realisties uitgebeeld word
- Eenhede en doelstellings moet fisies en vokaal deur die akteur uitgebeeld word

**Vokale uitdrukking (Vocal expression):**

- Aangesien die toneelstuk realisties is, moet die akteur 'n illusie van werklike gesprekvoering skep

Die akteur moet gelei word deur die karakter se gedagtes en emosies wat deur vokale uitdrukking soos toon, tempo, ritme, volume ens. geskep word, te verstaan.

**Magiese as (Magic if):**

- Die akteur moet lewe asof hy/sy in die karakter se skoene staan en vokale en fisiese reaksies kan daarom van optrede tot optrede verskil maar altyd realisties wees
- 'Toneelspeel is om te glo'/'Acting is believing' Die akteur moet in die werklikheid op die verhoog glo asook dat die ander karakters werklik is

**Sirkels van aandag (Circles of attention):**

Die akteur se fokus is op wêreld van die toneelstuk en nie op die gehoor nie

**Emosionele herinnering (Emotional memory):**

- Die akteur delf in sy/haar eie herinneringe en emosies om in die emosionele realiteit van sy/haar karakter en ander karakters se optredes te klim.
- Die emosionele herinnering moet nie vroeër as sewe jaar terug wees nie (6)

6.8 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.
Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.

Kandidate moet fokus op die evaluering van die sosio-politiese plasing, temas asook boodskappe van die toneelstuk en verwys na die stelling wat in die vraag gegee is.

Die volgende is 'n riglyn:

**Sosio-politiese agtergrong:**

- Die plasing van die stel is spesifiek. Dit speel af by Garnet Lodge aan die Weskus van Suid-Afrika en dit is 'n verlate afgeleë plek waar drie baie verskillende karakters in die toneelstuk ontmoet
- Dit is in die era van post-apartheid en die nuwe suid-Afrika skep die milieu vir nuwe moontlikhede waarvoor die karakters hoop.

**Temas en boodskappe:**

- Enige persoon kan identifiseer met die temas want dit is universeel bv. identiteit, om iewers te behoort, ens.
- Universele belangrikheid in terme van waarheid en versoening. Die verlede moet gekonfronteer word en die skade van die verlede moet vergewe word.
- Die toneelstuk weerspieël die menslike toestand en die behoefte aan liefde, 'n beter lewe, waarheid, hernude en helende verhoudings .
- Die sosio-politiese plasing is die nuwe Suid-Afrika maar die toneelstuk kyk ook terug na die verlede en apartheid en die invloed daarvan op die karakters in die toneelstuk. Dit leer elkeen enige plek van die noodsaaklikheid van persoonlike en sosio-politiese genesing en vryheid. (10)

## VRAAG 7: *MISSING* – REZA DE WET

7.1
1. Gertie
2. Miem
3. Konstabel (3)

7.2 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
Kandidate mag enige EEN karakter uit die teks kies

Die volgende is 'n riglyn:

**Miem is:**

- 'n Middeljarige vrou
- Is 'n diabeet
- Dominerend
- Hang  Afrikaner Calvinisme aan
- Naïef
- Het geen selfinsig nie
- Het 'n vals moraliteit
- Skynheilig

**Meisie is:**

- Jonk en bleek
- 'n Rebel
- Word deur haar ma gedomineer / is onderdanig aan haar ma
- Het innerlike konflik as gevolg van haar lewensomstandighede
- 'n Dromer, aspireer om te ontsnap van  Afrikaner Calvinisme
- 'n Harde werker want sy stik heeltyd goiingsakke aanmekaar

**Gertie is:**

- Vaal
- Klein en middeljarig en 'n oujongnooi
- Sy dra 'n bolla
- Oud-modies en dit word gewys deur haar onvleiende kleredrag
- Seksueel gefrustreerd
- Iemand met 'n vals moraliteit want sy gee voor om 'n Afrikaner Calvinis te wees maar eintlik wil sy vry wees

**Konstabel is:**

- Geheimsinnig
- Tussen 30 en 40 jaar oud
- Blind
- Manipulerend
- Iemand wat die swak punte van ander uitbuit
- Iemand wat die potensiaal tot bevryding vir die ander karakters bring
- 'n Biegvader vir Meisie (3)

7.3 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die lyftaal van die karakters lees en verduidelik wat dit van hulle verhouding sê

Ken volpunte toe vir:
Drie goed gemotiveerde stellings:

Die volgende is 'n riglyn: Die verhouding tussen:

- Gertie en Miem: hulle sit apart en ver van mekaar. Dit beeld die onderliggende spanning in hulle verhouding uit sowel as hulle verkillende sieninge
- Miem en Konstabel: Miem sit in die middel van die tafel wat op haar magsposisie in die huis en die byeenkoms dui. Sy kyk na konstabel toe wat haar belangstelling wys. Konstabel is weggedraai van Miem. Hy sit aan die een kant van die tafel. Dit dui daarop dat hy nie deel is van die familie nie. Hy sit op die punt van sy stoel wat daarop dui dat hy gefokus is in die oomblik.
- Konstabel en Meisie: Konstabel sit op 'n stoel en meisie kniel voor hom. Hy stel 'n posisie van hoër mag voor en sy 'n blinde vertroue.
- Gertie and Konstabel: Gertie sit regop met al haar aandag op konstabel gevestig. Hy betower haar. Konstabel, alhoewel hy meeste van sy aandag aan Meisie gee, is steeds bewus van die teenwoordigheid en aandag van Gertie. Dit is duidelik in die manier wat hy sy liggaam rig en sy kop skuins hou in haar rigting. (3)

7.4 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die vermoë toon om die impak van die karakter se rol in die skep van dramatiese spanning te kan assesseer

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is n rigly:
**Miem:**
- Beeld die tema van Afrikaner Calvinisme uit. Dit skep spanning want meisie is van 'n nuwe generasie en sy rebelleer teen die streng Afrikaner waardes, kultuur en moreel.
- Is die matriarg van die familie. Dit plaas haar in 'n posisie van mag en invloed. Wie van haar verskil is in konflik met Miem. Dit skep dramatiese konflik
- Is die broodwinner want haar man Gabriël kruip in die solder weg en kan nie die behoeftige familie help nie.
- Is figuurlik blind, wat direk lei tot haar dominering van Meisie en wat haar aan die einde direk in Konstabel se arms dryf.
- Weerhou informasie van Meisie soos die inligting oor die vermiste meisies wat daartoe lei dat Meisie niks weet van kaalvoet en 'n voorstellingsrok nie
- Is die een wat onbewustelik die bose/sirkus/Konstabel in die huis toelaat as gevolg van haar 'blindheid'. Die gehoor weet dat konstabel net voorgee (3)

7.5 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet kennis van die genre van Realisme in die teater demonstreer en die effektiwiteit van die gebruik van 'n boksstel kan beskryf.

Ken volpunte toe vir:
Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Boksstel is effektief omdat:**
- Mis is in die kategorie van magiese realisme geplaas en gebruik fantasie sowel as realisme. Die boksstel is die konvensionele stel wat gebruik word om realisme in die teater uit te beeld.
- Hierdie illusie is duidelik in die uitbeelding van die familie wat hulle daaglikse take in die werklike lewe uitvoer
- Hierdie illusie is duidelik in die plasing van die beligting. Dit is weggesteek agter die proceniumboog, weg van die gehoor, en realistiese landskappe soos bv. 'n sonsondergang, kan geskep word
- Hierdie illusie maak dit moontlik vir die gehoor om die karakters as regte mense te ervaar want hulle praat, tree op en trek aan soos gewone mense (3)

7.6 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.
Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die relevansie van die stelling ' die stel vorm die omgewing vir die aksie' bespreek
Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
- Oor die algemeen stel dit die werklike binnekant van 'n Afrikanerhuis gedurende die depressiejare voor.
- 'n Stelelement soos die etenstafel stel die kombuis van die huis voor
- Die hessian/goiingsakke wat rondlê dui op die tipe werk wat op die plaas gedoen word. Die vroue maak mis in die sakke bymekaar om te verkoop vir geld
- Die kamer is karig gemeubileer en leeg wat dui op die armoede in die huis (4)

7.7 Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
Kandidate moet fokus op fisiese, vokale en emosionele ontwikkeling deur Stanislavski se sisteem-benadering te gebruik om 'n realistiese opvoering op die verhoog te kan skep. Merk holisties.
Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die antwoord behoort die volgende in te sluit:
'n Verduideliking, analise, aanwending en evaluering van die doel en effek van Stanislavski se sisteem/metode/tegnieke
Kennis van 'n eerlike en opregte realistiese opvoering

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Akteur moet bewus wees van die volgende:**
- Kennis van die toneelstuk en intrige, gegewe omstandighede en subteks
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelstellings
- 'n Kreatiewe proses waartydens die akteur die karakter voorberei vir die optrede wat die volgende aspekte van Stanlavski se sisteem mag insluit, bv.:

**Fisiese aksies (Physical score of actions):**
- Aksies en reaksies moet realisties wees
- Fisiese aksies, gesigsuitdrukkings, gebare en beweging moet bydra in die skep van die toneel se lewe op die verhoog

**Gevoelsverandering (Beat work):**
- 'n Verandering in emosie en gedagte moet effektief en realisties uitgebeeld word
- Eenhede en doelstellings moet fisies en vokaal deur die akteur uitgebeeld word

**Vokale uitdrukking (Vocal expression):**
- Aangesien die toneelstuk realisties is, moet die akteur 'n illusie van werklike gesprekvoering skep

Die akteur moet gelei word deur die karakter se gedagtes en emosies wat deur vokale uitdrukking soos toon, tempo, ritme, volume ens. geskep word te verstaan

**Magiese as (Magic if):**
- Die akteur moet lewe asof hy/sy in die karakter se skoene staan en vokale en fisiese reaksies kan daarom van optrede tot optrede verskil maar altyd realisties wees
- 'Toneelspeel is om te glo'/'Acting is believing' Die akteur moet in die werklikheid op die verhoog glo asook dat die ander karakters werklik is

**Sirkels van aandag (Circles of attention):**
Die akteur se fokus is op wêreld van die toneelstuk en nie op die gehoor nie
**Emosionele herinnering (Emotional memory):**
- Die akteur delf in sy/haar eie herinneringe en emosies om in die emosionele realiteit van sy/haar karakter en ander karakters se optredes te klim.
- Die emosionele herinnering moet nie vroeër as sewe jaar terug wees nie (6)

7.8 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.

Nasieners aanvaar ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet fokus op die evaluering van die sosio-politiese plasinagtergrong/konteks, temas asook boodskappe van die toneelstuk en verwys na die stelling wat in die vraag gegee is.

Die volgende is 'n riglyn:

**Sosio-politiese plasing:**

- Die Groot Depressie het die familie en hulle omstandighede hard gertref. Hulle is arm en hulle sukkel om geld te maak van die mis wat hulle verkoop
- Omstandighede was verpletterend want daar was 'n depressie en die pa in die huis het opgehou werk en onttrek na die solder in die dak. Die vroue was geforseer om die plaaswerk te doen
- Die boere het al hulle lewende hawe verloor in die Groot Depressie

**Temas en boodskappe:**

- Die temas en boodskappe word deur die karakters en hulle lewe weerspieël
- Miem stel 'n persoon voor wat haar oortuigings en Afrikaner Calvinisme wil beskerm
- Miem is ook oorbeskermend as ma en domineer die huishouding en veral vir Meisie
- Miesie het drome en aspirasies vir 'n beter lewe wat weerspieël word deur die rose wat sy plant by haar kamervenster
- Gertie hoop vir seksuele vervulling wat sy nie kry nie
- Konstabel is die persoon wat die gesogte vryheid bring en dit aan hulle bied maar hulle moet self die keuse maak om dit te neem en bevry te word of nie
- Die tema van vernuwing en transformasie is relevant vir ons almal omdat die eerste September 'n nuwe seisoen en lewe inlui
- Magiese realisme trek die gehoor in en maak hulle deel van 'n wêreld waarin alles moontlik is en selfs fratse aanvaar word (10)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

## VRAAG 8

8.1 Nasieners aanvaar alle ander relevante antwoorde. Kandidate moet kennis toon en analiseer hoe drama en teater kan bydra om die 'realiteit vir 'n kort tydjie' te kan ontsnap. Dit kan vanuit die akteur of die gehoor se oogpunt wees.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Drama kan ons help om van die realiteit te ontsnap deur:**
- Ons weg te neem na 'n ander wêreld, die wêreld van die toneelstuk. 'n 'fantasiewêreld'
- Ons van die lewe te leer deur ons ervaring te verbreed deur die karakters, temas en boodskappe van die toneelstuk
- Ons te vermaak deur verskillende opvoerstyle bv. sang, dans en musiek
- Ons laat vergeet van ons onmiddellike omstandighede en vrese omdat ons op die lewe in die toneelstuk fokus
- Akteurs kan enige karakter uitbeeld gedurende die opvoering en dan weer uit die karakter klim na die opvoering
- Ons te laat lag en huil en so ons persoonlike spanning te verlig
- As 'n katarsis maak dit ons vry van ons eie spanning en trauma (4)

8.2 Nasieners aanvaar alle ander relevante antwoorde
Kandidate moet kennis en begrip toon van hoe hulle eie ondervinding van Dramatiese Kunste beïnvloed is deur die grendeltyd. Dit kan negatief, positief af albei wees.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Verskillende maniere waarop die kandidaat se ervaring van Dramatiese Kunste tydens die onderrig by die huis geaffekteer kon word:**
**Positief:**
- Leerders tuis is veilig om nie die Coronavirus aan te steek nie
- Die gebruik van multimedia in die afwesigheid van direkte kontakonderrig mag die begrip en prestasie van leerders verhoog het
- Kandidate kon selfdissipline geleer het want hulle moes op hulle eie studeer
- Leerders kon beter konsentreer veral in gevalle waar leerders ontwrig kon word deur ander leerders

**Negatief:**

- Leerders sonder selfdissipline kon dit moeilik vind om die werk te voltooi
- Daar was 'n verlies aan onderrigtyd wat onnodige druk op leerders kon plaas
- Daar was 'n gebrek aan direkte ondersteuning deur onderwysers asook klasmaats wat tot spanning kon lei
- Daar was 'n onderbroke kontinuïteit in die leerproses, die ontwikkeling en repetisie van dramatiese vaardighede wat moontlik die Eindresultate kan beïnvloed
- Daar kon swak kommunikasie tussen onderwysers en leerders gewees het wat angs veroorsaak het en die leerproses kon kompromitteer het
- Leerder kon onervare wees met tegnologie wat hulle kon benadeel het met 'n agterstand
- Leerders kon geen of ontoereikende data gehad het wat veroorsaak het dat hulle nie aanlyn lesse of ondersteuningsmateriaal kon aflaai nie wat tot hulle nadeel sou wees en tot 'n agterstand sou lei
- Daar kon nie genoeg repetisietyd wees nie as gevolg van die verkorte en ontwrigte akademiese jaar. Dit kon die resultate beïnvloed het
- Leerders kon angs ervaar het as gevolg van die pandemie en hulle vrees om die virus aan te steek
- Leerders kon verlies van geliefdes as gevolg van die pandemie ervaar het. Dit sou hulle negatief beïnvloed het
- Leerders kon bekommernisse gehad het oor die veranderinge in die praktiese eksamen en hulle verwagtinge wat tot hulle stres sou bydra (6)

8.3 Nasieners aanvaar alle ander relevante antwoorde
Kandidate moet kennis en begrip toon van alternatiewe maniere wat teatermaatskappye kon aanwend om inkomste te genereer

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die volgende is opvoerings-alternatiewe wat teaters in plek kon stel:**

- Aanlynoptrede op Zoom en Microsoft Teams soos solo optredes, skerpskertsery en gesinkroniseerde optrede deur verskillende kunstenaars
- YouTube video's van lewendige optredes
- Face book opnames van lewendige optredes (4)

8.4.1 Nasieners aanvaar alle ander relevante antwoorde.
Kandidate moet een sosiale probleem/kwessie identifiseer en hulle teikengehoor noem.

Gee volpunte vir:
- Een punt vir sosiale probleem
- Een punt vir teikengehoor
- Die teikengehoor hang af van die individuele kandidaat se keuse van probleem en teikenmark

Die volgende is 'n riglyn vir die probleem :
- Coronavirus
- Armoede
- HIV/AIDS
- Geslagsgebaseerde geweld
- Mensehandel (2)

8.4.2 Nasieners aanvaar alle ander relevante antwoorde.
Kandidate moet 'n motivering gee vir die doel en boodskap van hulle produksie.
Ken volpunte toe vir:
- Twee punte vir die motivering van die doel
- Twee punte vir die motivering van die boodskap

Die volgende is 'n riglyn:
**Die doel kan wees:**
- Om die gehoor op te voed ten opsigte van die probleem
- Om hulle te waarsku teen die negatiewe effekte of gevolge as die probleem nie aangespreek word nie
- Om aktiewe verandering in die samelewing en die mense te bevorder sodat hulle die sosiale probleem sal aanspreek (4)

8.4.3 Nasieners aanvaar alle ander relevante antwoorde.
Kandidate moet begrip demonstreer en in staat wees om die akteur-gehoor verhouding, met inagneming van Grotowski se Armteater beginsel, te verduidelik.
Ken volpunte toe vir:
- Vier goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**Die volgende Armteater beginsels kan aangewend word vir die akteur-gehoor verhouding:**
- Via Negativa, die verwydering van alle onnodige emosionele, intellektuele en fisiese elemente wat die akteur se optrede kan verhinder. Dit laat die akteur toe om direk met die gehoor te skakel tydens 'n vry en eerlike opvoering
- Stel en rekwisiete is geëlimineer om te verseker dat die gehoor se aandag slegs op die 'heilige akteur' sal wees
- Kostuums word tot die minimum beperk om te verseker die akteur se kommunikasie word nie gehinder nie of dat dit dalk die instrument van kommunikasie word in die ruimte nie.
- Die akteur en gehoor het geen hindernissie tussen hulle nie. Hulle is in noue kontak met mekaar om 'n kragtige teaterondervinding te verseker
- Tegniese elemente soos beligting en klank is geëlimineer om te verseker dat daar niks is wat die aandag kan aftrek van die 'heilige akteur' nie. (8)

8.4.4 Nasieners aanvaar alle ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet een rekwisiet identifiseer en die gebruik daarvan in hulle produksie verduidelik.
Ken volpunte toe vir die volgende:

- Een punt vir die identifikasie van die rekwisiet
- Een punt vir die verduideliking van die gebruik van die rekwisiet
- Die rekwisiet sal afhang van elke kandidaat se individuele keuse en aanwending van Grotowski se beginsels. (2)

8.5 Verwys na die notas hieronder en BYLAAG B om jou merkproses te vergemaklik.

Nasieners aanvaar alle ander relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Kandidate moet die vermoë toon om die Dramatiese Kunste vaardighede wat hulle ontwikkel het in die voorbereiding van hulle aangepaste tema-of oudisieprogram vir hulle finale eksamen te kan bespreek. Hulle mag na BRON H verwys in hulle antwoorde.
Die volgende is 'n riglyn:
**Dramatiese Kunste vaardighede wat hulle ontwikkel het in die voorbereiding van hulle aangepaste individuele oudisieprogram/ finale praktiese eksamen kan die volgende insluit:**

- Bereidwilligheid om onder moeilike omstandighede te werk
- Persoonlike aanspreeklikheid vir 'n individuele optrede
- Persoonlike bronne van kreatiwiteit is vergroot
- Verskerpte bewustheid, sensitiwiteit en dankbaarheid vir die lewe deur die kreatiewe artistieke proses

**Vokale vaardighede:**

- Die verpligte dra van gesigsmaskers mag die voordele van vokale vaardighede benodig in Dramatiese Kunste beklemtoon bv.; projeksie, artikulasie, modulasie
- Diafragmatiese interkostale asemhaling sal vokale ondersteuning bied, veral wanneer 'n gesigsmasker gedra word
- Vokale opwarming sal die vokale toonkwaliteit van die stem verbeter
- Die ontwikkeling van vaardighede ten opsigte van pas, tempo ens.
- Elemente soos tydsberekening, pouse, ritmiese meter, frasering, aksent ens. kon verbeter

**Fisiese vaardighede:**

- Krag, ratsheid en lenigheid sal baat deur fisiese opwarmingsoefeninge.
- Fisiese uitdrukking in 'n individuele optrede kan ontwikkel deur die ruimte te gebruik
- Gemotiveerde gebare en bewegings word gebruik
- Fisiese teatervaardighede kan verfyn word. Die gebruik van gewig, ruimte en krag word ontwikkel.

**Toneelspelvaardighede:**

- Persoonlike aanspreeklikheid vir individuele dramatiese items/stukke sal die moontlikhede bied vir persoonlike verantwoordelikheid vir al die werk in die aangepaste opvoerings/praktiese eksamen.
- Fokus-en ontspanningsoefeninge sal spanning verwyder en lei tot 'n meer dinamiese en gegronde opvoering

- Toneelspelvaardighede bv.: karakterisering, 'n verskeidenheid van opvoerstyle, fokus, konsentrasie, geloofwaardigheid, internalisering en natuurlike spel sal alles deur die individuele akteur opgeneem word
- Die vermoë om sonder 'n gehoor op te tree en verfilm te word sal die kandidaat nuwe fokus en vertroue gee om enige plek te kan optree
- Emosionele integrasie
- Interpretasie van die subteks
- Verhouding met die gehoor 10)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou 

## BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3 EN 4: 12 PUNTE

Markers must train how to use and apply all six the cognitive levels as well as the four thinking processes to measure candidates' achievement.

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **11–12** | Denkproses:<br>• Toon 'n kreatiewe benadering tot feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis.<br>• Ondersoek, beoordeel en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n oorspronklike manier.<br>• Toon 'n oorspronklike begrip van die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging<br>• Maak waardeoordele gebaseer op 'n geregverdigde stel kriteria.<br>• Gee 'n nuwe perspektief en skep oorspronklike insigte.<br>• Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te verander, te beoordeel, te beredeneer en te herorganiseer. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Evalueer** | **9–10** | Denkproses:<br>• Bied feitlike, konseptuele en prosedurekennis aan.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n interessante wyse.<br>• Toon 'n insiggewende begrip van die vraag, die aanhaling die toneelteks en dramatiese beweging.<br>• Verskaf en ontleed 'n wye reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te ondersoek, voor te stel, te beoordeel, te evalueer en om gevolgtrekkings te maak. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Ontleed** | **7–8** | Denkproses:<br>• Toon feitlike en konseptuele kennis.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling.<br>• Bied 'n geskikte antwoord aan wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee en ondersoek voorbeelde uit die toneelteks en die dramatiese beweging.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om te ondersoek, te kontrasteer, te onderskei, te klassifiseer. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Toepas** | **3–4** | Denkproses:<br>• Toon feitlike kennis.<br>• Verstaan die vraag en aanhaling op 'n elementêre vlak.<br>• Toon 'n bietjie feitlike kennis.<br>• Verskaf 'n reguit, voorspelbare antwoord wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee 'n paar voorbeelde uit die toneelteks.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om aansluiting te vind, te organiseer, te vertolk, te identifiseer en te integreer. |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–2** | Denkproses:<br>• Herroep feitelike kennis.<br>• Toon 'n basiese begrip van die vraag en die aanhaling.<br>• Verskaf 'n paar reguit/basiese feite wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Nie Behaal Nie** | **0** | Denkproses:<br>• Bied onsamehangende, onverwante feitelike kennis aan.<br>• Toon geen begrip van die vraag en die aanhaling nie.<br>• Verskaf 'n feite wat nie met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou nie.<br>• Gee geen voorbeelde uit die toneelteks of die dramatiese beweging nie.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat is nie in staat om te identifiseer, te noem, te herken of te definieer nie. |

## BYLAE B: RUBRIEK VIR VRAAG 5, 6, 7 EN 8: 10 PUNTE

Markers must train how to use and apply all six the cognitive levels as well as the four thinking processes to measure candidates' achievement

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **9–10** | Denkproses:<br>• Toon 'n kreatiewe benadering tot feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis.<br>• Ondersoek, beoordeel en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n oorspronklike manier.<br>• Toon 'n oorspronklike begrip van die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging<br>• Maak waardeoordele gebaseer op 'n geregverdigde stel kriteria.<br>• Gee 'n nuwe perspektief en skep oorspronklike insigte.<br>• Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te verander, te beoordeel, te beredeneer en te herorganiseer. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Evalueer** | **7–18** | Denkproses:<br>• Bied feitlike, konseptuele en prosedurekennis aan.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n interessante wyse.<br>• Toon 'n insiggewende begrip van die vraag, die aanhaling die toneelteks en dramatiese beweging.<br>• Verskaf en ontleed 'n wye reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te ondersoek, voor te stel, te beoordeel, te evalueer en om gevolgtrekkings te maak. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Ontleed** | **5–6** | Denkproses:<br>• Toon feitlike en konseptuele kennis.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling.<br>• Bied 'n geskikte antwoord aan wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee en ondersoek voorbeelde uit die toneelteks en die dramatiese beweging.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om te ondersoek, te kontrasteer, te onderskei, te klassifiseer. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Toepas** | **3–4** | Denkproses:<br>• Toon feitlike kennis.<br>• Verstaan die vraag en aanhaling op 'n elementêre vlak.<br>• Toon 'n bietjie feitlike kennis.<br>• Verskaf 'n reguit, voorspelbare antwoord wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee 'n paar voorbeelde uit die toneelteks.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om aansluiting te vind, te organiseer, te vertolk, te identifiseer en te integreer. |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–2** | Denkproses:<br>• Herroep feitelike kennis.<br>• Toon 'n basiese begrip van die vraag en die aanhaling.<br>• Verskaf 'n paar reguit/basiese feite wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Nie Behaal Nie** | **0** | Denkproses:<br>• Bied onsamehangende, onverwante feitelike kennis aan.<br>• Toon geen begrip van die vraag en die aanhaling nie.<br>• Verskaf 'n feite wat nie met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou nie.<br>• Gee geen voorbeelde uit die toneelteks of die dramatiese beweging nie.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat is nie in staat om te identifiseer, te noem, te herken of te definieer nie. |

# BLOOMS SE TAKSONOMIE

**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

Markers must train how to use and apply all six the cognitive levels as well as the four thinking processes to measure candidates' achievement.

| DIE KENNIS-DIMENSIE 4 DENK-PROSES-VLAKKE | ↓ → | DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Onthou** | **Verstaan** | **Toepassing** | **Ontleding** | **Evaluering** | **Skep** |
| | **Feitelik** | Noem | Opsom | Reageer | Kies | Gaan na vir | Ontwikkel |
| | **Konseptueel** | Herken | Klassifiseer | Verskaf | Onderskei | Bepaal | Stel saam |
| | **Prosedure** | Herroep | Verklaar | Uitvoer | Integreer | Beoordeel | Ontwerp |
| | **Metakognitiewe** | Identifiseer | Voorspel | Gebruik | Dekonstrueer | Besin | Skep |

| **1. Onthou** | |
|---|---|
| Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer | |
| **Noem** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit<br>Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem |
| **Identifiseer** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets is |
| **Kies** | Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is |

| **2. Verstaan** | |
|---|---|
| Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit | |
| **Verduidelik** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) |
| **Beskryf** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk |
| **Motiveer** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets |

| **3. Toepassing** | |
|---|---|
| Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op tye los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke | |
| **Voorstel** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te bring |

| **4. Ontleding** | |
|---|---|
| Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun. | |
| **Reageer/Antwoord** | Antwoord/Reageer in woorde |
| **Bespreek** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit |
| **Skryf** | Skryf, stel saam, produseer |
| **Ontleed** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer |
| **Oorweeg** | Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word |

| **5. Evaluering** | |
|---|---|
| Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek | |
| **Evalueer** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei |

| **6. Skep** | |
|---|---|
| Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur | |
| **Skep** | Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts<br>Gee aanleiding tot ontstaan |

Kopiereg voorbehou

| **7. Verstaan** | |
|---|---|
| Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit | |
| **Verduidelik** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) |
| **Beskryf** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk |
| **Motiveer** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets |

| **8. Toepassing** | |
|---|---|
| Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op tye los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke | |
| **Voorstel** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te bring |

| **9. Ontleding** | |
|---|---|
| Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun. | |
| **Reageer/Antwoord** | Antwoord/Reageer in woorde |
| **Bespreek** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit |
| **Skryf** | Skryf, stel saam, produseer |
| **Ontleed** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer |
| **Oorweeg** | Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word |

| **10. Evaluering** | |
|---|---|
| Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek | |
| **Evalueer** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei |

| **11. Skep** | |
|---|---|
| Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur | |
| **Skep** | Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts<br>Gee aanleiding tot ontstaan |

*Kopiereg voorbehou*